:—: Koers :—:

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

Deel XXII. April/Junie 1955. Nr. 5 en 6.

# TOESPRAAK VAN MINISTER J. H. VILJOEN TER GELEENTHEID VAN DIE OPENING VAN DIE FISIKALABORATORIUM VAN DIE P.U. VIR C.H.O. OP 11 JUNIE 1955.

Mnr. die Kanselier, Meneer die Voorsitter van die Raad, Meneer die Rektor, die personeel en die studente van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Dames en Here:

Dit sal goed wees as ek aan die begin van my toespraak net 'n paar woorde oor die ontstaan en groei van hierdie Universiteit sê sodat my opmerkings 'n bietjie later oor die rol wat die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. behoort te speel i.b.m. die universitêre opleiding van 'n deel van ons volk in die regte perspektief gesien kan word.

Dit is vir die meeste van u bekend dat hierdie Universiteit sy ontstaan aan die oprigting van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1869 op Burgersdorp, Kaapprovinsie, te danke het. Van die begin af was daar 'n literariese voorbereiding aan die teologiese

opleiding verbonde en reeds in 1879 is 'n spesiale professor vir hierdie opleiding benoem. Jong studente is in die beginjare op hierdie wyse vir grade van die Kaapse Universiteit voorberei. U is ook bewus dat hierdie Teologiese Skool met sy literariese Departement in 1905 volgens 'n sinodale besluit na Potchefstroom, die oud-hoofstad van Transvaal, verplaas is. In 1919 was dit nodig om die twee inrigtings te skei toe die Staat besluit het om 'n subsidie aan die Literariese Departement te betaal. Van hierdie datum af het hierdie afdeling bekend gestaan as „Het Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoger Onderwys". In 1921 het die inlywing van die Kollege in die Universiteit van Suid-Afrika gevolg met die naam van die „Potchefstroome Universiteitskollege". In 1933 is die naam van die Kollege andermaal verander tot „Die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys". Sedertdien het die inrigting gestadig uitgebrei ten opsigte van sy studentetal, die omvang van sy werk, sy bronne van inkomste en die grootte van die gemeenskap wat bedien word. Geen wonder dus dat hierdie lewenskragtige, jong universiteit sy selfstandigheid **met behoud van sy christelike karakter** in 1951 verkry het nie. Die aanname deur die Volksraad en die Senaat van die gewysigde gewetensklousule het die christelike karakter van die „Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys" vir die toekoms bevestig.

Sedertdien openbaar die inrigting nog steeds 'n gestadige groei sodat daar vandag nie minder as 1250 studente ingeskryf is nie. Om hierdie groot getal studente na behore in al die verskillende akademiese en wetenskaplike rigtings op te lei, beskik die Universiteit op die oomblik oor 85 voltydse en 20 deeltydse doserende personeel, 20 administratiewe amptenare, 19 personeellede in die biblioteek en 25 in die konserwatorium. Buitengewoon opvallend is die feit dat 350 van die studentetal van 1250, d.w.s. 28% met **nagraadse** studie besig is.

Dames en Here, een van die hooftake van 'n universiteit is **navorsing** en die **publisering** van versamelde wetenskaplike kennis. Ek is verbly om volgens u „Opgaaf van navorsingswerk aan P.U. vir C.H.O." te sien dat nie alleen die hoeveelheid navorsingswerk wat deur die personeel onderneem word, aansienlik is nie, maar ook dat 'n groot hoeveelheid werk deur die studente onder leiding van die personeel gedoen word. Aan hierdie eis wat aan 'n universiteit gestel word, voldoen die P.U. vir C.H.O. dus sonder twyfel in alle opsigte. Met genoeë maak ek melding van die Plantfisiologiese en die Ekonomiese Navorsingsinstitute, asook van die spesiale navorsing i.b.m. kernfisika en metaalfisika in die Departement Fisika. Besondere vermelding hier verdien die ondersoeke wat sommige

van die personeel namens die „Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne" onderneem het. Ek bedoel die streekopname van die Klerksdorpgebied en die Potchefstroom-area. Soos ek tot hiertoe aangetoon het het hierdie Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 'n belangrike rol sover in die opvoeding van 'n deel van ons volk gespeel, maar dit is vir ons almal duidelik dat dit nog 'n belangriker funksie in die toekoms te vervul het. Dit is in die eerste plek die vernaamste onderwysinrigting in **Potchefstroom,** 'n belangrike onderwyssentrum, met sy landboukollege, sy onderwyserskollege, sy vier akademiese hoër skole, sy drie hoër beroepskole en sy tien laerskole. Tweedens is die P.U. vir C.H.O. die akademiese sentrum vir die hele Wes-Transvaal, een van die hooflandbougebiede van ons land, maar hierbenewens ook in toenemende mate 'n myngebied, waarby sommige van die departemente soos Fisika, Chemie, Geografie, Geologie en Ekonomie in die toekoms 'n uiters belangrike rol sal moet speel. Maar in die derde plek is hierdie universiteit ook die sentrum vir christelik-nasionale hoër onderwys vir **one hele land.** Dames en Here, daar word dus baie hoë eise aan u universiteit gestel. Om daaraan te kan voldoen, is daar twee dinge absoluut nodig, tewete **fondse** en aan te kan voldoen, is daar twee dinge absoluut nodig, tewete **fondse** en **geboue.**

Voordat ek nou 'n paar woorde oor u geboue gaan sê, wil ek baie graag iets oor die insameling van u fondse sê: Ek is bewus daarvan dat u 'n **„Komitee vir Beleid en Ontwikkeling"** in die lewe geroep het en 'n **Uitbreidingsamptenaar** vir die insameling van fondse vir u **uitbreidingsfonds** aangestel het. Die plig van hierdie amptenaar is om fondse uit alle moontlike bronne in te samel. Ek weet dat reeds duisende ponde op hierdie wyse ingesamel is. Besonder noemenswaardig is die bydraes tot hierdie fonds deur onderwysers deur middel van aftrekorders en veral die bydraes van die personeellede van die P.U. vir C.H.O. wat sedert 1930 'n persentasie van hulle salarisse in die fonds stort. Hulle het reeds duisende ponde bygedra as onthou word dat hulle tans ongeveer £1200 jaarliks bydra. Ek wil ook alle studente en oud-studente van harte gelukwens met die verwesenliking van hul ideaal om 'n ruim en doeltreffende studentesaal, die Totiussaal, met eie fondse teen sowat £14,000 te laat oprig het. Graag maak ek ook melding van die Dameskoshuis wat vandag deur die voorsitster van die Gereformeerde Sustersorganisasie ontsluit sal word. Ek wil hierdie organisasie van harte gelukwens met hulle onderneming. Hierdie sierlike gebou kan 82 dameskosgangers huisves en word teen 'n koste van £35,208 opgerig. Van hierdie bedrag dra die Gereformeerde Sustersorganisasie self £20,000 by. Ook die wyse waarop sekere Gereformeerde

families nou gelde vir die uitbreidingsfond bymekaar maak, is navolgingswaardig. So is daar baie ander wat ek nie nou noem nie, maar wat hulle deel probeer bydra. Hoe groter somme op hierdie wyse in die fonds gestort kan word, hoe groter is die Staatsbydrae wat tot alle ingesamelde gelde vir kapitaaluitgawes op die £-vir-£-grondslag bydra. So, Dames en Here, is die Staat se bydrae vir hierdie sierlike en doelmatige fisikalaboratorium £45,374. Vir 'n nuwe administrasiegebou en 'n nuwe chemielaboratorium wat reeds op u nuwe begroting goedgekeur is, sal die staatsbydraes respektiewelik £15,000 en £75,000 wees. Ek wil dus hier op alle belanghebbendes, en veral op die inwoners van Wes-Transvaal, 'n beroep doen om hierdie universiteit finansieel en andersins te ondersteun sodat die volgende baie nodige geboue ook in die naaste toekoms aangebou kan word: 'n Sentrale eetsaal vir Dames teen 'n beraamde koste van £22,000 en 'n konserwatorium met 'n universiteitsaal teen 'n beraamde koste van £90,000.

Uitbreidings in die laboratoriums vir Plantkunde, Dierkunde en Huishoudkunde is ook essensieel.

Dames en Here, ek het u aangetoon hoe hierdie universiteit, met sy baie beskeie ontstaan, sedert 1919 geleidelik gegroei het tot 'n selfstandige universiteit met behoud van sy christelike karakter. Daar was tye van groot voorspoed, maar daar was ook tye van groot teenslae. Ek dink hier aan die groot verlies wat u gely het met die vernietiging van u biblioteek deur brand etlike jare gelede. Met dankbaarheid maak ek egter, as verantwoordelike Minister, ook melding van die spontane en milde bydraes vir 'n nuwe biblioteek wat uit alle oorde en in allerlei vorm ontvang is. Ek dink ook met groot dankbaarheid aan groot volksmanne soos wyle prof. dr. J. D. du Toit die eerste kanselier en aan sy opvolger, wyle prof. dr. J. C. van Rooy, albei manne wat vir volk en vaderland, vir skool en universiteit onsterflike werk verrig het. Ons is almal dankbaar vir hulle wonderlik-vrugbare lewens op alle terreine. U huidige kanselier, dr. Francois J. du Toit, met sy beslissende en voortreflike plek in ons ekonomiese en kulturele lewe, is egter 'n waardige opvolger van hierdie manne. As rektor het u 'n uiters bekwame opvoedkundige in prof. J. Chris. Coetzee.

Mag u universiteit in die toeskoms steeds die seënende hand van die Here ondervind en mag u verder u besondere deel in groter mate bydra tot die uitbouing en opbouing van ons volk. Ek wil almal wat aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verbonde is, baie gelukwens met die ingebruikneming van hierdie nuwe geboue. Meneer die Rektor, dit is nou tenslotte vir my 'n aangename taak om hierdie nuwe fisikalaboratorium as geopen te verklaar.